Sig nuusbrief
Pinkster 2010
Durbanville Gemeente
saam in diens van God se nuwe wêreld

Pinkster: Die kerk word gebore

Ds Gys van Schoor

Dit is noodsaaklik om die agtergrond van Pinkster te verstaan. Pinkster was die fees in die Ou Testament, 50 dae na Paasfees. Dit was 'n landboufees waar die Israeliete hulle eerste opbrengs van hul oes aan die Here kom offer het. Hulle het dit gedoen uit dankbaarheid vir die oes, maar terselfdertyd was dit ook 'n bede om die veilige inbring van die res van die oes.

Vir die Jode was Paasfees en Pinkster meer as net landboufeeste. Die feeste het hul herinner aan hulle groot storie, die eksodus uit Egipte, toe God die belofte aan Abraham waargemaak het deur sy volk te bevry. Daardie nag is hulle uit Egipte weg, deur die Rooi See, in die woestyn in. Vyftig dae na die Paasfees het hulle by die berg Sinai gekom, waar Moses die wet ontvang het. So Pinkster was vir die eerste-eeuse Jood die fees waarop hulle teruggedink het aan die dag toe God aan hulle wat uit Egipte bevry is, 'n nuwe lewe (die wet) geskenk het, wat hulle in die wêreld moes gaan uitlewe.

Ons moet Pinkster egter ook verstaan vanuit die sentrale tema van Jesus se bediening, naamlik die koninkryk van God. Dit gaan in die begrip koninkryk van God oor God se regering, sy Heerskappy. In Jesus het die Koningsheerskappy van God sigbaar aarde toe gekom. Aan die einde (Openbaring 21) gaan dit in sy volledige gestalte gebeur. Aan die einde gaan God alles nuut maak, alles regmaak, alles heelmaak. Maar dit wat God aan die einde gaan doen, het vorentoe geskuif: in Jesus. Ons kan nou al — al is dit nog nie volledig nie — onder die Koningsheerskappy van Jesus leef. Dit is eintlik waaroor Christenwees gaan. Ons kan nou al vir God die Vader sê: "Abba", dit beteken Pappie! Ons kan nou al eerstehands met Jesus leef. Met die opstanding van Jesus het iets van God se nuwe wêreld wat aan die einde gaan kom, in die hede ingeskuif. Daar het 'n hele nuwe bedeling gekom. 'n Heel nuwe manier van lewe het op aarde moontlik geword.

En een van die sigbare tekens dat die koninkryk reeds in Jesus gekom het en dat die Gees uitgestort is, is dat daar 'n nuwe gemeenskap van mense op aarde tot stand gekom het. Ons lees in Handelinge 2 dat daar na die uitstorting van die Heilige Gees 'n vreemde gemeenskap tot stand kom waar gelowiges verantwoordelikheid vir mekaar neem. Ons lees hulle het gereeld bymekaargekom, hul besittings met mekaar gedeel, mekaar onderling versorg, die nagmaal is gereeld gevier en hulle het hul toegewy aan gebed en het God deurentyd geprys. Ons kry hier 'n prentjie van die eerste Gemeente en wat 'n mens opval, is die betrokkenheid, die entoesiastiese deelname en versorging van mekaar. Dit is juis hierdie onderlinge versorging van mekaar wat die lanseerbasis sou vorm vir die kerk se gestuurdheid die wêreld in, waarvan ons in Handelinge lees.

Die kerk gee sy identiteit prys wanneer dit 'n klub word, wanneer lidmate net hul ledegeld betaal om dan aanspraak te maak op sekere dienste van die gemeente (van die leierskap in die besonder). Die kerk was nooit bedoel om 'n passasierskip te wees waar 'n paar mense (die bemanning) die res van die mense (passasiers) moet bedien nie. Die kerk was nooit bedoel dat 'n klein groepie naarstigtelik rondhardloop, terwyl die ander luilekker op die dek van die skip sit en "cocktail" drink nie. Die krag van die vroeë kerk het daarin gelê dat niemand hulleself as passasiers gesien het nie, maar almal as bemanning.

Die bemanning van 'n "oorlogskip". Op 'n oorlogskip is daar geen passasiers nie. Almal is bemanning. Almal het 'n funksie. Almal aanvaar verantwoordelikheid vir die gemeente. Nie 'n wonder nie dat die kerk nog nooit so vinnig as in die eerste paar eeue gegroei het nie …

'n Gemeente in die kragveld van die Gees is 'n gemeente wat vir mekaar sorg en vanuit hierdie liefde saam in diens staan van God se nuwe wêreld.

Die kerk as ‘n kerk wat getuig

Ds André van Wyk

Uit die Woord

Handelinge 1:8 beskryf die kerk as 'n kerk wat getuig. Die kerk is in haar wese 'n getuigende en dienende instrument in God se hand: aldus 'n missionêre liggaam.

Dit beteken dat geen gemeente om eie ontwil kan bestaan nie, maar juis ter wille van 'n verlore en lydende wêreld. Die kerk hét nie net 'n getuienis nie, maar ís self 'n getuie in die wêreld. Die kerk hét nie net 'n roeping nie, maar lééf haar roeping in die wêreld uit. Enige gesprek oor die kerk moet dus aanvaar dat die kerk se bestaansgrond haar getuienis is; dat die kerk kragtens haar oorsprong nie ter wille van haarself bestaan nie; dat die aanbidding en geestelike versorging van die kerk gedra word deur die kerk se missionêre gerigtheid en laastens: dat die gestuurdheid van die kerk nie 'n gevolg van kerk-wees is nie, maar 'n voorwaarde tot ware kerk-wees.

Ek en jy is kerk! 1 Pet.2:9 beskryf vir my en jou as volg: " ... ‘n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na Sy wonderbare lig.”



Patch Adams

Ds Tinus van Zyl

Uit die Wêreld

Die film *Patch Adams* is gebaseer op 'n ware persoon, Hunter Campbell "Patch" Adams, 'n Amerikaanse dokter, sosiale aktivis, diplomaat en outeur. Patch Adams het in 1971 die Gesundheit! Instituut gestig en reis jaarliks reg oor die wêreld saam met 'n groep vrywilligers, wat deur middel van humor en narstreke glimlagte sit op die gesigte van VIGS-wesies, pasiënte en selfs gewone mense op straat.

Patch is 'n karakter. Hy is 'n baie omstrede figuur wat krities staan teenoor byna elke instelling in die samelewing — selfs die film *Patch Adams* het swaar deurgeloop onder sy kritiek! Vir weeskinders, pasiënte en noodlydendes het Patch baie tyd, deernis en is hy vol grappe, maar teenoor instellings soos regerings, die vrye mark ekonomie en mediese dienste spoeg hy vúúr! Agter die vrolike snor en die bont kleure van die nar, sit daar 'n hardkoppige profeet wat gedryf word deur die woede van 'n toornige God.

Wat nodig is in hierdie wêreld, sê Patch Adams, is dat hiërargieë opgehef word, sodat dit nie 'n president is wat van bo-af vir die land sorg, of 'n dokter is wat van bo-af vir pasiënte sorg, of 'n dominee wat van bo-af vir gemeentelede sorg nie, maar dat gewone mense vir mekaar sorg.

Gewone mense wat omgee vir mekaar, soos wat 'n moeder vir haar kinders sorg, is die oplossing vir al die wêreld se probleme, volgens hom.

As Patch Adams na 'n hospitaal kyk, sien hy nie dokters en pasiënte nie. Almal is pasiënte en almal is dokters. Almal het genesing nodig en almal kan genesing gee. Gewone mense wat leef met deernis en goedhartigheid, is al wat ons planeet kan red van ondergang, sê hy.

Dit laat 'n mens nogal dink aan 1 Korintiërs 12, wat sê dat ons die liggaam van Christus is, en dat elkeen afsonderlik 'n lid daarvan is. Geen lid kan sê dat hy 'n ander lid nie nodig het nie, want al die lede vorm saam een liggaam. Dié lede wat as die swakste voorkom, is juis noodsaaklik, en dié wat minder mooi lyk, klee ons met groter sorg. Die lede van die liggaam dra gelyke sorg vir mekaar. As een lid ly, ly al die lede saam, en as een lid genees word, is al die lede saam bly.

Redaksie

Redakteur: Ds Tinus van Zyl

Redaksielede: Jackie Pretorius & Cindy vd Merwe

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG, of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.

Gemeenskap van genesing

Sanet van Huyssteen
Ons as gelowiges het die voorreg om deel te wees van God se storie en om te leef in die era van die Gees. Ons almal het op die een of ander tyd in ons lewens 'n besondere hunkering na genesing. Hoe bevoorreg is ons nie om die padkaart na genesing te ontvang wanneer ons ons lewens deur die Woord van God laat lei en rig nie? Wanneer ons dit doen, kry ons uit sy genade, genesing ... Vrede!

Gees Basson
Die kerkgebou wat sedert my kinderjare so deel van my was verskillende geboue ... soms leeg en koud, sonder emosie ... gevoelloos; kwansuis die HUIS VAN DIE HERE het in hierdie Pinkster op 'n nuwe manier in my hart sy lê kom kry. In Maandagaand se diens het Tinus die kerk as teken van God se teenwoordigheid op aarde genoem en ewe skielik het dit, soos die doop en die nagmaal, deel van 'n baie persoonlike stuk geestelike verryking en versterking in my wakker gemaak. Weg is die leeg ...

Hannes, Marna, Mjè en Stef Boshoff
Na 'n lang gejaagde week in 'n kort kwartaal het ons aanvanklik baie opgesien na die idee om nog 'n aktiwiteit in die aand in te pas. Die kinders het egter 'n ander plan gehad: hulle was vasberade om Pinkster by te woon.

Na Maandagaand was Stef ge*hook*. "Ds. André is so Snaaaaaks", sê hy. Sien André speel glo Mr. Ad Venture: 'n avonturier wat saam met Lezjé die pad van die ou Israeliete deur die woestyn gevolg het. Mr. Venture, of dan Ad, vir dié wat hom beter ken, het die aand met sy Jeep in die modder vasgesit.

Persoonlik was die stilte na 'n lang dag se werk, en 'n uur in die verkeer van die stad af, ongelooflik. Die verfrissende musiek het waarskynlik hiertoe bygedra. Ds. Tinus was baie duidelik met sy boodskap: ons is nou besig om ons eie hoofstuk in God se boek te skryf. Ons moet met fyn onderskeiding in God se Woord leef en self die toneelstuk van God voltooi.

Annemarie Meyer
Maandagaand het ons gesing "U is in beheer" en ons het erken dat dit dikwels moeilik is om dit in die wêreld te sien. Ek is opnuut getref deur die besef dat dit wel 'n werklikheid word in hoe ek my storie leef. Ek vra die Here dat Hy my sal help om in die "nou" saam met Hom te leef, om elke oomblik te leef vanuit: "Wat wil U hê moet ek nou doen?".

Ek is hard getref toe Tinus sê dat ek nie hoef te vra waarheen Jesus my stuur nie, ek is reeds 'n gestuurde. Ek is reeds waar ek moet wees. Ek is gestuur om die mense wat nou op my pad is, te versorg.

'n 4x4 Avontuur

Lezjé Kotze

Met opwinding het die kinders van Durbanville Gemeente vertrek op die 4x4 reis deur die woestyn saam met Ad Venture (Ds André van Wyk) en Tannie Lezjé. Ons reis het ons gevat deur Genesis en Eksodus. Ons het gekyk hoe God sy belofte, om 'n land en 'n groot nageslag aan Abraham, Isak en Jakob te gee, behou het. Ons het geleer dat God altyd in beheer is, selfs al gaan dit met ons sleg soos met die Israeliete in Egipte. Op God kan ons vertrou. Dit is veral in tye van nood dat ons weet dat God ons Redder is, soos God die Israeliete van die Egiptenare gered het by die Rietsee. As ons op Hom vertrou, sal Hy ons red!

Verder het ons opnuut besef hoe God vir ons sorg. Ons was weer verstom oor hoe God vir die Israeliete in die woestyn gesorg het deur altyd vir hulle water, manna en kwartels te voorsien. Ons het besef dat God elke dag in ons behoeftes voorsien en dat Hy ons selfs soms bederf met dié dinge wat ons nie nodig het nie, maar wat ons graag wil hê.

Die reëls wat God vir Israel in die woestyn gegee het, was 'n groot "NEE!", maar aan die einde het ons besef dat reëls 'n goeie ding is. God gee vir ons reëls om ons veilig en gelukkig te hou. Die bekendste van die reëls wat God vir ons gegee het, is die 10 Gebooie en ons het gesien dat dit reëls van liefde is: liefde vir God en liefde vir ons naaste.

Kinderpinkster

Laastens het ons gesien dat God tussen sy mense wou woon in die woestyn deur die tabernakel op te rig. Jare later weet ons dat God die Heilige Gees gestuur het om in ons te kom woon en weet ons dat Hy altyd by ons is. Dit is tog wat ons tydens Pinkster vier: die wonder dat God sy Gees vir ons gestuur het om altyd by ons te wees en ons lewens te stuur op die regte Reis!

Hoe dien ek?

Mariëtte Steyn

Bedieningsaksie

In Die Boodskap, Luk 22:27(b) staan: "Kyk wat Ek kom doen het: Ek wat die heel belangrikste van almal is, het My koningsklere uitgetrek. Ek dien julle almal. Ek het die belangrikste plekke aan julle afgestaan. "Durbanville Gemeente se strewe is om "ja" te sê vir Jesus en dinge soos Jesus te doen. Die hele gesin kan betrokke wees by baie van hierdie aksies, dus maak Jesus nie inbreuk op gesinstyd nie, Hy skep dit!

Wat word van ons as gemeente verwag?
Soos met die eerste gemeente in Handelinge 2, moet elke gemeentelid aktief betrokke raak bymekaar, by die groter visie van die gemeente en die uitdra van God se Woord na die wêreld. Dit bied 'n geleentheid om medegelowiges te bedien en te versorg. **Lidmate se verantwoordelikheid in 'n gestuurde gemeente is dat elkeen**, met hulle onderskeie gawes, 'n bydrae lewer. Individue moet leer om as werktuie van die Here die liefde van Christus aan medegelowiges te demonstreer.

Doel van 'n Bedieningsnetwerk/Bedieningsaksie
Dit verskaf die raamwerk waarbinne die lede mekaar kan bedien en waar hulle kan groei. Die liefde van Christus word sigbaar wanneer lede vir mekaar sorg, mooi verhoudinge het, tyd saam spandeer, mekaar dien en uiteindelik ook geestelik groei.

In so 'n omgee-omgewing, is daar plek waar lede mekaar se laste kan dra, kan help met moeilike besluite en mekaar kan vertroos in hartseer. Die Bedieningsaksie se verskillende projekte fokus op hulp en uitreikaksies. Lede help met 'n verskeidenheid aksies soos fondse, voorsiening van kos en alledaagse benodigdhede, geestelike en emosionele ondersteuning en skep van geleenthede.

Die volgende grondpilare dien as basis vir 'n Gemeente wat sy omgee-roeping uitleef:

Gawes: Lidmate dien mekaar met hulle gawes.

Gebed: Lidmate is getroue intersessors en bid volhardend vir die uitbou van God se Koninkryk en vir mekaar.

Gehoorsaamheid: Lidmate is bereid om hulle kruis op te neem, God bo alles te gehoorsaam en Hom te volg sodat hulle heilig en vrugbaar kan lewe.

Genade: Lidmate betoon, deur barmhartigheid, genade aan minderbevoorregtes en ook die sosiale opheffing van mense in nood.

Rentmeesterskap

Gaan: Lidmate reik buite hul gemaksgroef uit na ander deur die Evangelie na hulle toe uit te dra.

Gee: Lidmate gee geld vir die bou van God se Koninkryk, deur oorvloedig en volgens die riglyn van die 10de te gee.

Wat is Gawebediening?
Gawebediening is 'n proses wat elke gelowige begelei tot effektiewe en vervulde diensbaarheid in die gemeente en gemeenskap.

Ons droom is dat elkeen aktief diensbaar moet wees en dat dit ons taak is om die regte mense na die regte plekke van diensbaarheid te begelei, vir die regte redes.

Die proses (reis) is:
Ontdekking - Ontdek jou roeping, passie, gawes en persoonlike styl.

Dienslewering en inskakeling. Die doelwit is diens! Hier word jy versoek om as vrywilliger in te skakel by die bediening van jou keuse.

Wil jy ons kom help?

Kontak Mariëtte Steyn
082 881 2679 / mariette@designaprint.co.za

Kantoor Durbanville Sentraal te koop,
Deeltitel, R595 000
(of tydelik te huur, op maandbasis teen R4900 p.m. gemeubileerd of ongemeubileerd).
Drie kantore, kombuis, toilet, klein binnehof,
twee skadunet- en een oop parkeerplek, lugreëling en alarm.
Kontak 076 833 2038

Tweeslaapkamer Woonstel in Stellenbosch te koop teen R670 000.00.
Huurkontrak tot 30 November 2010. Sekuriteitskompleks. Parkeerplek direk voor woonstel. +/- 2km vanaf universiteit. Ideaal vir twee studente volgende jaar. Goeie belegging: huur in Stellenbosch in aanvraag (tans ongeveer R2100 per persoon p.m.).
Kontak 076 833 2038

God se bestuurders

Jac Laubscher

Dit is opvallend hoeveel van Jesus se gelykenisse met geld en besittings en die bestuur daarvan te make het. Dink maar net aan die gelykenisse van die ryk dwaas, die skat in die grond, en die goue muntstukke, om enkeles te noem. Trouens, 16 van die 38 gelykenisse wat Jesus vertel het, handel oor die regte gebruik van geld en besittings.

Dit is vanselfsprekend dat ons Jesus se voorbeeld sal volg en openlik in die kerk oor geld en goed sal praat. Die appél wat die Bybel op my maak om myself te ondersoek en seker te maak dat ek aan Bybelse standaarde voldoen, wanneer dit kom by hoe ek met dit wat ek as *myne* beskou omgaan, kan nie ontwyk word nie.

Die beginpunt is om te besef dat alles wat ek is (my persoonlikheid, vermoëns en kragte) en alles wat ek het (my geld, besittings en bates) van God afkomstig is. Dis *nie* myne nie maar God s'n, wat Hy aan my toevertrou om namens Hom te bestuur en te gebruik.

Rentmeesterskap

Dit geld ook nie net vir die tydjie uit my besige program wat ek byvoorbeeld aan dienswerk afstaan nie, of my finansiële bydrae aan die gemeente, of een of ander verdienstelike saak waarvoor ek 'n passie het nie. Nee, dit geld vir elke minuut van my lewe en vir elke sent wat ek bestee.

Jesus het immers vir ons as sy dissipels verskeie opdragte gegee, soos om om te sien na mense in nood, om sy koninkryk in hierdie wêreld sigbaar te maak en om die evangelie wyd en syd te versprei. Maar as ons nie ons tyd, talente, geld en besittings tot sy beskikking stel nie, kan dit nie gebeur nie.

So die vraag is: gee jy alles aan die Here wat Hom toekom, of eis jy dit vir jouself op?

Sokkerbediening

Ds André van Wyk

John Sochop, 'n werknemer by Laerskool Durbanville en ook die afrigter van die *"Covenant Youth Ministry"* sokkerspanne in Fisantekraal, het ons gemeente so twee jaar terug genader vir hulp om sokkerballe te koop. So het 'n nuwe verhouding tussen die gemeente en die sokkerklub ontstaan en dit het nou tot 'n bediening van ons gemeente uitgebrei.

Die eerste stappe was om die spanne uit te rus met klere en stewels en ons is baie dankbaar vir borgskappe wat die taak vergemaklik het. Die tweede stap was om die spanne in die regte liga in te skryf en met die hulp van Laerskool Durbanville speel hulle van hierdie jaar af in die *Amandla Ku Lutsha*-liga. Hierdie liga bedien eintlik kinderhuise en soortgelyke instansies, juis omdat dit nie net oor sokker gaan nie, maar ook lewensvaardighede aanleer, leierskapsprogramme vir die kinders aanbied en ook sportweke tydens vakansies. Die volgende stap is om vir die kinders Bybelstudielesse aan te bied en hiervoor het John reeds opleiding by SCAS en *The Ultimate Goal* ontvang.

Wat my opgewonde maak oor hierdie bediening is dat ons gemeente hier help om 'n verskil in kinders se lewens te maak deur vir hul lewensvaardighede aan te leer, hul letterlik van die strate af te hou, in hul fisiese behoeftes te help voorsien en om deur middel van sport God se Woord in hul lewens te plant.

Sokkerbediening

Een van ons kleingroepe het die Sokkerbediening onder hul vlerk geneem en voorsien onder meer dat daar weekliks vir die kinders 'n lekker bord kos gemaak word. Annes Schreuder koördineer hierdie bediening en wil dit graag verder na 'n sportbediening uitbrei om ook ander sporte in te sluit. Enigeen wat belangstel om so betrokke te raak kan vir Annes kontak by 083 391 0243 of annes.schreuder@adidas.com .

Adverteer in SIG

Die kostes vir advertensies is as volg:

Vol blad	**R1500**	**Halwe blad**	**R750**
Kwart blad	**R375**	**1/8 blad**	**R188**

Kontak die kerkkantoor by 021 975 6370.
(Die redaksie behou hom die reg voor om advertensies, wat nie pas by die aard van die SIG nie, te weier.)



warm geSIGgies vir 'n koue winter...

Wat is Pinkster?

Nadat Jesus opgestaan het uit dood en opgevaar het na die hemel, het Jesus sy Heilige Gees gestuur vir sy dissipels. Daar was tonge van vuur op hulle koppe en 'n sterk warrelwind. Die dissipels het ewe skielik die tale van verskillende volke begin praat. Met die krag van die Heilige Gees het die dissipels uitgegaan na baie lande toe en oral vir mense van Jesus vertel.

Lees Handelinge 2:2 en voltooi die volgende vers:
Skielik was daar 'n _____ uit die hemel soos ____ 'n geweldige _____, en dit ____ die hele _____ gevul waar

Omkring en soek die boeke van die Bybel

Genesis Rigters Nehemia Psalms Prediker
Sefanja Matteus Johannes Filippense Petrus

C	N	P	B	W	P	S	A	L	M	S
S	E	F	A	N	J	A	J	W	J	R
X	H	Q	N	R	V	X	I	Y	O	P
G	E	N	E	S	I	S	T	Q	H	E
P	M	A	T	T	E	U	S	T	A	T
K	I	R	F	V	B	X	O	W	N	R
T	A	R	I	G	T	E	R	S	N	U
F	I	L	I	P	P	E	N	S	E	S
S	P	R	E	D	I	K	E	R	S	Z



Soek die versteekte boek van die Bybel se naam op hierdie blad en vul die letters in die blokkies hierbo in!
Antwoord:
_____

Help die kinders gou huistoe hardloop om hulle Bybel te kry!

Kom kuier en leer meer van Jesus saam met al jou maatjies en Tannie Lezjé elke Dinsdag by KIX om 16:00 vir Voorskool tot Gr.3 en 17:00 vir Gr. 4-6 gedurende skoolkwartale. Julle is almal welkom!!!!

Handelinge

The Shack - My huis is jou huis

Christi Thirion

Die ouens met wit jasse en dikraam brille sê die belangrikste ding wat tieners moet doen voor hulle na die volgende *level* kan gaan, is om hul identiteit te vestig. Daarom sien jy tieners gewoonlik in troppies soos springbokkies in die wildtuin. Die *trop* waarin jy hulle sien is gewoonlik, soos springbokkies, tieners wat dieselfde goed doen, klere dra en musiek luister. (Springbokkies dra almal *matching horing-hoodies* en luister saam na *Grassaadkinders* terwyl hulle aan Kalahari-fried-gras kou ...) As 'n tiener dan by 'n plek kom en daar is 'n klomp mense wat nie almal die klere dra wat daai tiener dra nie of nie almal van dieselfde goed hou of musiek luister wat daai tiener van hou nie, dan val die tiener se motivering om daar te wees baie vinnig baie laag.

Om hierdie rede het die tienerbediening van die begin van hierdie kwartaal begin gesels oor wat presies maak dat Durbanville Gemeente se tieners elke week bymekaarkom, behalwe die tafeltennis en "hot-tjoklit."

Om hierdie vrae te antwoord het ons na die gemeente se visie gekyk. Tieners wat as **dissipels** leef, is tieners wat gehoorsaam agter Jesus se stofwolk aanloop (kyk Rob Bell se DVD *Dust* as jy nie verstaan nie) en wie se lewe daarna altyd anders is, weens Jesus, nie die stof nie. Om **saam** te wees beteken dat ons eensgesind is en in liefde vir mekaar sorg en omgee. Terwyl **in diens van God se nuwe wêreld** beteken dat ons nie vir onsself lewe nie, maar in die eerste plek vir God en om, soos Jesus, ons lewens vir die wêreld te gee. Dit vra dat ons God se roepstem moet gehoorsaam wat ons van die bank voor die TV af roep om ander te dien.

Wat sou dan al hierdie goed lekker opsom waarmee ons vir onsself 'n *label* kon gee wat enige iemand sal verstaan? Die gedagte wat vir ons uitgespring het, was **The Shack**. 'n Plakkerskamp **shack** is tog 'n plek waar iemand bly. Van ons het tydens die April-uitreik in Klipheuwel agtergekom dat 'n uitstaande kenmerk van mense wat in 'n **shack** bly is dat jy altyd daar welkom is. Die ander kant van hierdie muntstuk is dat dit vir ons tieners in Durbanville Gemeente ook 'n simbool is om uit jou gemaksone te tree.

So hier is ons, Durbanville Gemeente se tieners nou! Op 'n Sondagaand tussen 18:00 en 20:00 is enige iemand welkom in **The Shack** en van Maandag tot Saterdag slaan ons **The Shack** op by die skool, ons sport, ekstra wiskunde klas, Tygervallei en waar ons ook al dan gaan, want my huis is ook jou huis ...

Facebook - vriende van God



Wie is almal God se vriende?
Wat het ek in gemeen met hulle?
Hoe help hulle my om vir God beter te ken?

God se vriende is maar 'n paar "kleurvolle" karakters, as jy verstaan wat ek bedoel ... Maar een ding is seker: hulle lewens het 180° omgedraai nadat hulle Sy vriende geword het. Kom saam met ons op hierdie reis en leer ken jouself sommer ook beter.

Wanneer: Elke Sondagaand van die skoolkwartaal.
Tyd: 18:00 – 20:00
Waar: *The Shack* in die Jeuglokaal

GESOEK!!!

10 Volwassenes

(18jr en ouer)

Vir die mees opwindende bediening in die gemeente:

Posbeskrywing:

- Getroue teenwoordigheid vir 8-10 Sondae per kwartaal van 17:30-20:30.
- Om verhoudings te bou met 8-12 tieners tussen gr. 7 & gr. 12.
- Om die bg. groep tieners te fasiliteer by die tiener-bediening om te gesels oor die aand se betrokke tema.
- Om liters "hot chocolate" te drink
- Om naam weg te gooi by tafeltennis & "foosball" ...

Kontak Christi Thirion vir meer inligting.
Selfoon: 082 728 9762
E-pos: christi@durbanvillegemeente.co.za

Brief oor Straatbraai

Han van Ieperen

Na die lekker Straatbraai aan die einde van die eerste kwartaal, waarmee ons gemeente R23 200 ingesamel het, skryf Han van Ieperen die volgende brief:

Liewe Straatbraai-span, Jackie, Kerkraad en Kantoor-personeel en almal wat so jolig betrokke was met ons straatbraai!

Ek was Saterdagmiddag so teen 12 uur by die kerksaal om te kyk hoe gaan dit met die braaiery. Al wat ek gesien het, was stoele, stoele en nog meer stoele en drie swoegende vroue in 'n baie netjiese kombuis. Ek het skouers opgetrek en gedink ek sal maar ná die straatbraai by my huis kom 'n toebroodjie eet.

Ek het my vriendin, Anita du Toit, saamgenooi vir die braai. Ons kom toe presies om 18:30 aan by die saal en wat 'n verrassing! Pragtige gedekte tafels met kleurryke stoele en woelige mense, almal ewe gesellig. Ons sit by 'n tafel met 12 sitplekke aan, nog niemand by nie. Ons vra vir Pierre van Vuuren of hy tog nie groot asseblief ons vleisie sal braai nie? Hy stem saam, hy doen dit graag. Nog 'n paar pare kom half onseker aansluit by ons aan tafel en binne 'n paar minute is die tafel vol!

Ons begin name en vanne uitruil en ons ontdek dat die helfte van ons nuutgevonde vriendinne het 20 en 30 jaar gelede hulle verpleegopleiding by Grootte Schuur gehad.

Adresse en telefoonnommers word uitgeruil en Transvalers word Kapenaars en Natallers word Durbanvillers! Mooi vriendskappe word gesluit.

Nee wat, ds André hoef nie meer skaam te wees vir die tekorte van die kerkkas nie, ons hou weer 'n straatbraai om die tekorte aan te vul!

En die vroue in die kombuis … moenie hulle adresse verloor nie! Dis nie wat jy doen nie, dis hoe jy jou taak aanpak. Dis nie hoeveel geld jy inkry nie, maar die nuwe vriendskappe en liefde wat daarmee gaan.

Nogmaals baie dankie en geluk met so 'n span!

Pinkster-ete

Joan Conradie

Die potjiekos-ete Vrydagaand was 'n gesellige en heerlike bymekaarkom van die gemeentelede wat die Pinksterdienste vanaf Sondagaand bygewoon het. Daar was 'n vriendelike en hartlike gesindheid en gevoel van samehorigheid. Dit herinner 'n mens aan Lukas se vertelling in Handelinge 2 van die eerste gemeente wat hulle heelhartig toegelê het op die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd … Hier ontmoet gemeentelede op 'n ander vlak en bou nuwe verhoudinge. So 'n Pinkster-ete bou waarlik die gemeente.

Marnus Laubscher

As iemand my vra wat ek gaan onthou van Pinkster 2010, sal my antwoord wees: Ek het iets geleer van ons gebrokenheid as individue, as gemeente, as kerk. Ek het ook iets geleer van die genesing van Jesus deur ons geloofsgemeenskap, en soms deur middel van ons gebrokenheid. Die tyd het aangebreek om dit wat Jesus in ons doen, deur die Heilige Gees UIT TE LEEF.

Dit alles het opgebou na 'n heerlike feesete die Vrydagaand, waar (buiten die lekker potjiekos natuurlik) ek iets kon ervaar van die eensgesindheid van die geloofsgemeenskap en die gemeenskap genaamd: Durbanville Gemeente. Deur hierdie eensgesindheid uit te dra en te leef in die wêreld kan ons begin om gestalte te gee aan die heelmaking wat Jesus na die stukkende aarde bring.

Tertius Cronjé

Die Pinkstertema “Gemeenskap van genesing” was vir my 'n kragtige en sinvolle aansluiting by die oorkoepelende missie van ons kerk: “saam in diens van God se nuwe wêreld”. In die beskrywing van die gebroke wêreld het ons ons eie dubbel-sinnige agendas herken en helaas, moes ek ook opnuut kyk na my eie beskouings oor geloof, skoonheid, liefde en geregtigheid. Is daar werklik iemand wat kan sê dat hy/sy nie al die genotvolle swye van die onregmatig bevoordeelde “blou-oog kind “ervaar het nie? Een treffende waarheid wat my sal bybly is Tinus se vraag: In plaas daarvan om te vra: “Waarheen stuur Jesus my ?”, vra eerder: “Wie het Jesus dié week oor my pad gestuur?”

Die lekker saamgesels na die tyd was die ware suurdeeg wat Tinus se woorde in mense se harte laat groei het. Mens kon die verrykende effek van die week se saamwees duidelik aanvoel tydens Vrydagaand se uitbundige feesete. Die positiewe belofte van God se helende krag was 'n gepaste afsluiting vir die week: as gestuurdes is ons beide dokter en pasiënt, moet ons nie net vrede versprei nie, maar bereid wees om dit te ontvang.

DESIGN A PRINT 021 975 9648